DIE ALLIANCE WEEKBLAD
The Alliance Weekly

AUSTRALIESE DEPOSITO-PRODUK NOU BESKIKBAAR IN SUID-AFRIKA

Alliance Group het pas 'n rewolusionêre finansieringsproduk in samewerking met Lombard Versekering Bpk bekendgestel: Vir goedgekeurde kopers, is dit voortaan nie meer 'n vereiste om deposito's of kommissies voor oordragregistrasie te betaal nie.

Gary Palmer van Alliance Group sê: "Nie almal het geredelik kontant beskikbaar om die nodige deposito en kommissie te betaal wanneer hulle 'n eiendom op veiling koop nie. Gevolglik het ons met Lombard Versekering, 'n filiaal van Hollard Versekering, saamgespan om ons kliënte Deposit Advantage te bied, 'n soortgelyke produk wat sedert 1989 reeds in Australië beskikbaar is."

Deposit Advantage bied finansiële waarborge vir die uitstel van die deposito en kommissie wat onderskeidelik aan die verkoper en die afslaer betaalbaar is nadat 'n eiendom op veiling afgeslaan word. Die produk is beskikbaar vir residensiële-, kommersiële- en grondaankope.

Palmer sê verder: "Dit is 'n oplossing vir individue wat eiendom wil koop maar wie se kontantgeld vas belê is. Dit bied hulle die geleentheid om nuwe beleggings te maak sonder om hul spaargeld te realiseer.

Dit kan elders belê word en terugkeer verdien. Die heel belangrikste voordeel is egter dat dit kopers daarvan weerhou om hul bates te likwideer, óf hul vaste beleggings in kontant te omskep, óf aandele te verkoop – en dan die kontant weer na 'n onsuksesvolle veilingsaanbod te herbelê."

Antony Solomon van Lombard Versekering voeg by: "Benewens die gerieflikheidsfaktor is nog 'n belangrike verskil tussen die gebruik van 'n waarborg en die tradisionele geldinsamelingsmetode die koste wat daarmee gepaardgaan. Deposito's en kommissies is oudergewoonte met spaargeld betaal, of met die opbrengs van die verkoop van 'n tuiste wat dikwels duur brugfinansiering insluit, of met geld wat uit 'n toegangsverband getrek is.

Party van hierdie opsies is ontsaglik duur. 'n 3-maande waarborg – waarvoor jy 'n eenmalige bedrag betaal – is tans teen 2% plus BTW beskikbaar en word binne 24 uur vanaf die ontvangs van 'n aansoek en stawende stukke uitgereik."

Hierdie skema is in 1989 in Australië bekendgestel en is ook beskikbaar in Nieu-Seeland, die VK en die VSA. Dit is onlangs ook in Asië bekendgestel. In New South Wales in Australië gebruik ongeveer 25% van alle kopers hierdie fasiliteit."

Deposito Waarborg

Deposito Waarborge vervang die kontantdeposito wat gewoonlik deur 'n koper aan 'n verkoper betaal word om 'n eiendom te sekureer. Dit bied jou die geleentheid om die volledige koopprys met oordragregistrasie, in plaas 'n voorafbetaalbare kontantdeposito, te betaal. Deposito Waarborge is beskikbaar vir periodes van 3, 6, 12 en 24 maande.

Kommissie Waarborg

Die Kommissie Waarborg is slegs beskikbaar vir Alliance Group kliënte. Dit is 'n splinternuwe produk op die Suid-Afrikaanse mark en is om dieselfde redes as die Deposito Waarborg ingestel. Hierdie produk bied kopers die keuse om die betaling van die afslaerskommissie met tot 3 maande, óf tot oordragregistrasie uit te stel, afhangende van watter een eerste gebeur.

Kommissie Waarborge is slegs tot en met 3 maande beskikbaar. Kopers kan aanlyn vir 'n Deposito- of Kommissie Waarborg aansoek doen by www.depositadvantage.co.za, óf deur die Deposito Waarborg Hulplyn by 0860 110 313, óf by www.alliancegroup.co.za/advantage.

Waarborge word gewoonlik binne 24 na 'n aansoek met stawende stukke goedgekeur, wat die koper in staat stel om die Deposito- of Kommissie Waarborg by die veiling voor te lê nadat die eiendom aan hulle afgeslaan is.

Om hiervoor te kwalifiseer moet aansoekers kan bewys dat hulle oor genoegsame fondse beskik om die koop teen die oordragdatum af te handel.

Palmer sluit af: "Hierdie produkte maak dit makliker, vinniger en goedkoper vir mense wat graag op die groot aantal geleenthede wat op ons veilingvloer verskyn, wil kapitaliseer."

Vir meer besonderhede oor hierdie en ander unieke produkte, besoek www.alliancegroup.co.za

DEPOSIT ADVANTAGE™ Property deposits made easy

GESIGTE VAN ALLIANCE

Ryan Joffe

Ryan het reeds in sy kinderjare geweldige belangstelling in eiendom getoon, en deur die jare het dit vir hom 'n lewenswyse geword. Nadat hy in Mei 2002 by Alliance Group aangesluit het, het Ryan in verskeie afdelings regdeur die maatskappy gewerk om nuwe vaardighede aan te leer en meer ervaring op te doen.

Ryan het in 2005 'n makelaar geword en was die afgelope jaar vir verskeie hoë-profiel verkope verantwoordelik. Dit sluit die Newport Gebou in Mouillepunt vir R43 miljoen en 'n hele stadsblok in die Kaapstadse SSK vir R72 miljoen in. Oor die afgelope twee maande het hy grootliks bygedra tot die verkoop van die ou Phoenix Hotel vir R35.7 miljoen en sy buurgebou, ICG House vir R36.8 miljoen. Ryan se ondervinding en vasberadenheid spreek vanself wanneer mens in ag neem dat hy oor die afgelope vier jaar transaksies ter waarde van meer as R500 miljoen beklink het.
Ryan spits homself toe op die Kaapstadse SSK, die Atlantiese Kussoom, Paarden Eiland en Maitland.

Verder glo hy dat 'n mens verhoudings een vir een opbou en hulle dan met goeie kliëntediens en uitstekende resultate handhaaf.

in vennootskap met: BID on the City www.bidonthecity.com

Bid on the City: Fifth Avenue 226, New York, NY 1000. Tel: 212.832.9500

ALLIANCE group®

AHEAD OF THE GAME

GEEN DEPOSITO.
GEEN KOMMISSIE.

Kry 'n finansiële waarborg wat as plaasvervanger vir kontant gebruik kan word.

Kry 'n finansiële waarborg wat as plaasvervanger vir kontant gebruik kan word. Om aansoek te doen, skakel die Deposit Advantage Hulplyn by 0860 110 313 of besoek alliancegroup.co.za/advantage.

DEPOSIT ADVANTAGE™ Property deposits made easy

PREMIUM RESIDENSIËLE EIENDOMME

Bishopscourt

HOFBEVEL-VERKOPING
Saaknr.:1856/08

Wes-Kaap, Suid-Afrika

RESIDENSIËLE VEILING VAN DIE DEKADE

Alliance nooi u uit om op een van die land se mees eksklusiewe landgoedere te bie. Hierdie pragwoning spog met lieflike argitektoniese detail, vloere en toebehore wat alles met die uiterste sorg opgeknap en gerestoureer is en al die luukshede van 'n moderne leefstyl insluit. Die glans-leefstyl van Bishopscourt word deur die afgesonderde dog legendariese Fair Seat Herehuis gedefinieer met sy ambassadeurswoning en uitgelegde tuine wat klippaadjies en howe insluit. Die eiendom bied 11 slaapkamers, 3 afsonderlike woonstelle, stylvolle ontvangskamers, 'n tennisbaan, gimnasium, stoom- en sauna-kamers 'n muurbalbaan, biljartkamer, wynkelder, biblioteek, speletjies-kamer, 'n hoogs gevorderde alarmstelsel en verskeie ander woon-areas. Die woning in hierdie hoë-sekuriteit landgoed spog ook met 'n asemrowende uitsig oor die berg.

Besigtig slegs per afspraak met Ish Hendricks op +2782 908 6653/ihendricks@alliancegroup.co.za of besoek www.alliancegroup/greatestate

UPPER SIDMOUTHLAAN 31 • VRYDAG 4 SEPTEMBER OM 11 vm

LUUKSE WOONSTEL



PROTEA SPOGHOTEL – NORTH WHARF
NORTH WHARF 402, LOOPSTRAAT, VOORSTRAND

BOEDEL WYLE MALCOLM IAN OGILVIE

75m² eenheid met kombuis en sitkamer

Word verkoop as deel van 'n huurpoel.
Die hotel beskik oor eetgeriewe, insluitend Bugati restaurant, 'n sitkamer en koffie-/kelkiekroeg. Ontspanningsgeriewe sluit 'n swembad en gimnasium in.

Ish Hendricks 082 908 6653 • ihendricks@alliancegroup.co.za

SATERDAG 3 OKTOBER @ 10 vm
BESIGTIG: WO 23/09, 11 - 2 nm
PLEK: Die One & Only Hotel, V & A Waterfront

DUBBELVERDIEPING FAMILIETUISTE, IDEAAL GELEË IN 'N GESOGTE WOONBUURT



RONDEBOSCH
SHETLANDWEG 4

• Erf-oppervlak: 929m² • Dubbelverdieping met 3 toilette • 2 Sitkamers • 2 Eetkamers • Bediendekwartiere • Swembad
Binne loopafstand van Nuweland se Krieket- en Rugby Stadions en Rondebosch Boys Hoërskool.

Ish Hendricks 082 908 6653 • ihendricks@alliancegroup.co.za

NEDBANK

SATERDAG 3 OKTOBER @ 10 vm
BESIGTIG: SON 13 & 27/09, 2 - 5 nm
PLEK: Die One & Only Hotel, V & A Waterfront

AUGUSTUS VEILINGS!

Ons het in totaal 9 residensiele & kommersiele veelvoudige veilings landswyd gehou in Augustus. Daar was meer as 350 eiendomme landswyd onder die hamer by die veilings. .

Alon Kowen, Chris van Rensburg, Rael Levitt and Pieter Nel, Alliance Group

Solly Gild, Ish Hendricks, Ross Sheldon, Gary Palmer


Marc Cohen, Ariella Kuper, Steve Kruger

Meyer Budow, Dennis Fabian, Abu Varachhia, Henoique Santana

Besoek alliancegroup.co.za vir die grootste verskeidenheid eiendomme op veiling in Suid-Afrika!

facebook
www.facebook.com/alliancegroup

twitter
www.twitter.com/alliancegroup

WIL JOUNE OOK VERKOOP HÊ? ....

KOM GESELS GERUS MET ONS AS JY BELANGSTEL OM RESIDENSIËLE OF KOMMERSIËLE EIENDOM OM TE VERKOOP.

AllianceGroup.co.za • 021 443 6000